Donderdag 30 April
Skrifgedeelte: Habakuk 3
Fokusgedeelte: Habakuk 2:20; 3:16-19 (AFR 33/53; AFR 1983; AFR2020)

## Leef vanuit God se genade wanneer die lewe nie sin maak nie

Kan jy in geloof leef ten spyte daarvan dat die lewe nie sin maak nie? Habakuk is vir ons 'n goeie onderwyser in hierdie les. Habakuk vra vir God waarom Hy al die onreg toelaat sonder om iets daaraan te doen. God se antwoord, dat Hy Babilon gaan stuur om Juda te straf, skok hom tot in sy wese! Habakuk kan nie glo dat God so 'n goddelose, bose nasie gaan stuur om onreg te straf nie.

In Habakuk sien ons hoe die profeet se frustrasie en twyfel verander na vertroue dat die HERE in beheer is, selfs wanneer die lewe nie sin maak nie.

Hoe kry jy dit reg om God te vertrou wanneer die lewe om jou net nie meer sin maak nie? Deur jou geloof in Jesus Christus kan jy sê: "Ek het nie al die antwoorde nie, maar ek het al genoeg gisters saam met Jesus gewandel om hom met al my môres te vertrou." Wanneer jy nêrens het om heen te gaan nie, wanneer jou eie idees en hulpbronne weg is, wanneer jou beheer oor 'n situasie aan skerwe is, is die HERE steeds daar. Wanneer jou knieë pyn van kniel in gebed, maar jy nie weet of Hy eens luister nie, weet net dat God steeds daar is.

As jy God se nabyheid en omgee midde in beproewinge wil ervaar, bid hierdie gebed: *Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die HERE jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die HERE my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.*

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)*